Environmental Management Consultants
NATIONAL PREMIUM AWARD 2002 & 2004
INTERNATIONAL ASSOCIATION FOR IMPACT ASSESSMENT
SOUTH AFRICAN CHAPTER

P O Box 503, Mtunzini, 3867 South Africa
Suites 5 & 6, Golden Penny Centre
26 Hely Hutchinson Rd
Tel: 086 010 4958
Fax: 035 340 2232
Website: www.acerafrica.co.za
E-mail: nuclear1@acerafrica.co.za

03 Maart 2010
Verw Nr: Nuclear1 14A
Bladsy: 1 van 3

«Title» «First_Names» «Surname»
«Position»
«CoOrg»
«Address»
«City» «Postcode»

Geagte «Title» «Surname»«Salutation»

ESKOM - OMGEWINGSIMPAKBEPALING (OIB: 12/12/20/944) VIR 'N VOORGESTELDE KERNKRAGSENTRALE EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR

KONSEP- OMGEWINGSIMPAKBEPALINGSVERSLAG BESIGTIGING EN KOMMENTAAR DEUR DIE PUBLIEK

Die Hersiene Plan van Studie vir die Omgewingsimpakbepaling (OIB) is in Julie 2009 by die Departement van Omgewingsake (DO) vir oorweging voorgelê. Die DO het die Omvangbepalingsverslag aanvaar en die Hersiene Plan van Studie vir die OIB goedgekeur, waarmee die Omvangbepalingsfase nou afgehandel is.

Die 24 spesialisstudies wat onderneem is as deel van die Impakbepaling vir die voorgestelde kernkragsentrale en gepaardgaande infrastruktuur, is ook voltooi. Die bevindings en aanbevelings van hierdie studies is byeengebring en geïntegreer in die Konsep-OIB-verslag.

Die OIB-span wil u as geregistreerde belanghebbende party inlig dat die Konsep-OIB-verslag beskikbaar sal wees vir besigtiging en die lewering van kommentaar vanaf **06 Maart 2010 tot 10 Mei 2010 (**'n periode van **66 dae,** d.w.s 'n verlenging van 21 dae van die kommentaarperiode van 45 dae**)**.

U vind hierby ingesluit (a) 'n opsomming van die Konsep-OIB-verslag en (b) 'n Kommentaarblad. Die volledige weergawe van die Konsep-OIB-verslag sal in gedrukte formaat en op CD by sekere openbare plekke, soos op Bladsy 3 volgens provinsie uiteengesit, beskikbaar gestel word.

Alle Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GP's) word uitgenooi en aangemoedig om die Openbare Vergaderings, waar die bevindings van die Konsep-OIB oorgedra sal word, by te woon. Die Openbare Vergaderings sal as volg plaasvind:

PROVINSIE	AREA	DAG EN DATUM	PLEK	TYD
Wes - Kaap	Hermanus	23 Maart 2010	Overstrand Municipale Auditorium	18H00 – 20H00
	Pearly Beach	24 Maart 2010	Pearly Beach Klub	18H00 – 20H00
	Bredasdorp	25 Maart 2010	Overberg Agri Saal	18H00 – 20H00
Oos - Kaap	Oosterbaai	13 April 2010	Oesterbaai Saal	18H00 – 20H00
	Humansdorp	14 April 2010	Humansdorp Country Klub	18H00 – 20H00
	St Francisbaai	15 April 2010	St Francis Links Golf Klub	18H00 – 20H00
	Sea Vista	16 April 2010	Sea Vista Gemeenskapsaal	18H00 – 20H00
Wes - Kaap	Kaapstad	19 April 2010	Vineyard Hotel, Newlands	18H00 – 20H00
	Duynefontein	20 April 2010	Atlantic Beach Gholf Klub	18H00 – 20H00
	Atlantis	21 April 2010	Thusong Centre Gemeenskapsaal	18H00 – 20H00

Terugvoervergaderings vir sleutelrolspelers sal in Port Elizabeth en Kaapstad gehou word. Verteenwoordigers van die onderskeie sektore en organisasies binne die studiegebied sal genooi word na hierdie terugvoervergaderings, waar die bevindings van die Konsep-OIB-verslag oorgedra en bespreek sal word.

Let asseblief op die volgende:

1. Skriftelike kommentaar kan op een van die volgende maniere ingedien word:
   - Per pos: Openbare Deelnamekantoor, Nuclear 1 OIB, Posbus 503, Mtunzini, 3867
   - Per faks: 035 - 340 2232
   - Per e-pos: nuclear1@acerafrica.co.za

2. Die kommentaarperiode begin op **Saterdag, 06 Maart 2010** en eindig met kantoorsluiting op **Maandag, 10 Mei 2010**.

3. Die gedrukte kopieë van die verslag wat by die openbare plekke beskikbaar sal wees, mag nie verwyder word nie. Die CD-weergawe mag egter vir ’n maksimum van twee dae geleen word.

4. Die Konsep-OIB-verslag is op die volgende webblaaie beskikbaar:
   - ❑ Eskom se webblad: www.eskom.co.za/eia onder die “Nuclear 1-Generation” skakel
   - ❑ Arcus GIBB webblad: http://projects.gibb.co.za/ onder die “Nuclear 1 EIA” skakel

5. ’n Kommentaarblad word vir u gerief verskaf. Voltooi dit asseblief en pos of faks dit aan die Openbare Deelnamekantoor. U mag ook van ander geskrewe formate gebuik maak en dit per pos, faks of e-pos indien.

6. Die Konsep-OIB-verslag bestaan uit die Hoofverslag (Volume 1) en Aanhangsels (Volumes 2 tot 6, wat die Terreinfoto’s, Korrespondensie met die Owerheid, Openbare Deelname-dokumentasie, Tegniese Kriteria, *Curricula Vitae* van deskundiges en die Deskundige-verslae, Konsep-Omgewingsbestuurplan en ‘n aftiklys vir die Wetlike Vereistes van die OIB bevat).

Kommentaar wat op die Konsep-OIB-verslag ontvang word, sal aangewend word in die opstel van die Finale OIB-verslag, wat dan aan die DO voorgelê sal word vir oorweging. Alle Belanghebbende en Geaffekteerde Partye sal per brief ingelig word van die Owerheid se besluit.

Ten slotte, namens die OIB-span, wil ek graag elkeen bedank wat tot op hede aan die OIB-proses deelgeneem het, asook diegene wat nog tyd daaraan sal afstaan om die Konsep-OIB-verslag te bestudeer, kommentaar te lewer en vergaderings by te woon.

Vriendelike groete.
Die uwe,

Me Bongi Shinga
Openbare Deelnamespan

LYS VAN OPENBARE PLEKKE VIR BESIGTIGING VAN KONSEP-OMGEWINGSIMPAKVERSLAG

No	Area	Plek	Straatadres
		OOS-KAAP	
1	Humansdorp	Humansdorp Openbare Biblioteek	Vureaustraat 9
2	Jeffreysbaai	Jeffreysbaai Openbare Biblioteek	Da Gamaweg 33
3	Kareedouw	Kareedouw Openbare Biblioteek	Keetstraat 5
4	Kruisfontein	Kruisfontein Openbare Biblioteek	Cupidostraat, Kruisfontein
5	Oesterbaai	Oesterbaai Eiendomme	Tornynstraat 6, Oesterbaai
6	Plettenbergbaai	Plettenbergbaai Openbare Biblioteek	Gebou Nr 29, Spar Sentrum, Marine Drive
7	St Francisbaai	St Francisbaai Openbare Biblioteek	Assissi Rylaan 1, St Francisbaai
		WES-KAAP	
8	Atlantis	Atlantis Openbare Biblioteek	Burgersentrum, Grosvenorlaan
9	Bredasdorp	Bredasdorp Openbare Biblioteek	Kerkstraat, Bredasdorp
10	Baardskeerderbos	Baardskeerderbos Winkel	22km vanaf Gansbaai op die Elim pad
11	Kaapstad	Arcus GIBB Kaapstad Kantoor	Kloofstraat 14, Kaapstad
12	Kaapstad	Table View Openbare Biblioteek	Birkenheadweg, Table View
13	Elim	Elim Biblioteekdepot	Waterkantstraat 3, Elim
14	Gansbaai	Gansbaai Openbare Biblioteek	Munisipale Gebou, Hoofweg
15	Hermanus	Hermanus Openbare Biblioteek	Burgersentrum, Magnoliastraat
16	Koeberg	Koeberg Openbare Biblioteek	Merchant Walk, Duynefontein
17	Milnerton	Milnerton Openbare Biblioteek	Pienaarweg
18	Welverdiend	Welverdiend Openbare Biblioteek	Ou Meulestraat, Bredasdorp
19	Wolvengat	Jenny's Handelaar	Hoofweg, Wolvengat
		GAUTENG	
20	Johannesburg	Arcus GIBB Sunninghill Kantoor	Eglinweg 14, Sunninghill, Johannesburg

HERINNERING

Formatted

✂ Sny asseblief uit en plaas op u kennisgewingbord of yskas

……

ESKOM - OMGEWINGSIMPAKBEPALING (OIB: 12/12/20/944) VIR 'N VOORGESTELDE KERNKRAGSENTRALE EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR

Openbare Deelnamekantoor Kontakbesonderhede

ACER (Africa) Omgewingsbestuurkonsultante
Bongi Shinga, Dalene Murie, June Mottram
Posbus 503, Mtunzini, 3867
Tel: 086 010 4958 (koste van plaaslike oproep)
Faks: 035 340 2232
E-pos: Nuclear1@acerafrica.co.za

Projekdokumentasie kan afgelaai word by:
www.eskom.co.za/eia onder "Nuclear 1" skakel of
http://projects.gibb.co.za/ onder die "Nuclear 1 EIA" skakel

Konsep-OIB-verslag: Openbare Besigtiging- en Kommentaarperiode

Saterdag, 06 Maart 2010 – Maandag, 10 Mei 2010

Openbare Vergaderings

23 Maart 2010 – 21 April 2010